PERSBERIG VIR GANSBAAI COURANT

Tel 028 – 384 1473
Faks 028 – 384 2397
courant@itec.co.za

PEARLY BEACH BEWAREA – VAN DIE LESSENAAR VAN DIE VOORSITTER, ELRINA VERSFELD

PEARLY BEACH BEWAREA CONSERVANCY

Die algemene jaarvergadering van die Pearly Beach Bewarea Conservancy vind op Donderdag 22 Desember 2011 om 10:00 in die NG Kerksaal in Pearly Beach plaas. Dit is die een geleentheid in die jaar waar lede en besoekers kans kry om mekaar beter te leer ken, meer van die Bewarea en sy aktiwiteite te wete te kom, en om voorstelle en insette in die werksaamhede van die Bewarea op die tafel te plaas. Die verslag van die voorsitter, asook die finansiële verslag, sal voorgelê word en die vasstelling van ledegeld, asook die verkiesing van die bestuurskomitee sal behandel word. En dan soos gebruiklik, is ‘n gasspreker uitgenooi om die vergadering toe te spreek. Vanjaar sal dit Chris Barnes, die slangkenner van Baardskeerdersbos wees. Chris was so ‘n paar jaar teug ook die gasspreker en het alle teenwoordigers op die punte van hulle stoele gehad! Alle belangstellendes word hiermee uitgenooi om die vergadering by te woon en terselfdertyd meer oor ons plaaslike slange te wete te kom.

Vir meer inligting, kan die voorsitter, Elrina Versfeld, by tel 021 850 4107 geskakel word.

VIR PLASING ASB OP 8 OF 15 DESEMBER 2011